Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas

Jaargang 20 no 7
Julie 2011

- Op die mespunt van ekonomiese versoeking 2
- Arm en ryk: 'n groot olifant in die kerkkamer? 4
- Balans – hoe gaan ek met my aardse rykdom om? 6
- Wat leer ons ons kinders van geld en gawes? 8
- Kerknuus 11
- 'n Gawe van God - Borsvoeding, die sleutel tot gesondheid? 14
- Faalangs 16
- Ons en die natuur - twyfel 18
- Individualisme en Gemeenskap 20
- Boekenuus 23

ARM en RYK

Materiële rykdom en armoede is twee prominente uiterstes in Suid-Afrika. Soveel so dat die wanbalans een van die hoogstes ter wêreld is. En juis dit lewer baie vraagstukke op. Beide op 'n politieke front vir die regering van vandag sowel as vir ons in 'n multi-kulturele kerkverband met net sulke groot verskille.

Die regering probeer om die skeefheid aan te spreek met allerhande meganismes: progressiewe belastings, welsynstoelaes, ens. En in die kerk doen ons dit ook: hulpbehoewende kerke, diakonale hulp, humanitêre hulpprojekte, ens. Ons het immers die opdrag om vir die behoeftiges te sorg.

Tog lees ons in Mattheüs, Markus en Lukas die stelling: *Hoe beswaarlik sal 'n ryk man – hulle wat goed besit – in die koninkryk van God ingaan!* Die meeste van ons word hiermee aangespreek. Ons is dalk nie almal biljoenêrs nie, maar die meeste van ons het 'n huis, 'n kar, of watter aardse goed dan ook al. Gaan dit vir ons moeilik wees om hemel toe te gaan?

Dit is baie harde woorde. Markus brei 'n bietjie uit en voeg daarby: *hoe swaar is dit vir dié wat op hulle goed **vertrou**, om in die koninkryk van God in te gaan!* Dit klink al so 'n bietjie minder hard… ons het wel baie aardse besittings, maar ons *vertrou* nie regtig daarop nie.

Daarna volg daar weer baie harde woorde, in die vorm van 'n beeld met die kameel en die naald: *dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om in die koninkryk van God in te gaan*. Hoe moet ons dit verstaan? Net soos die dissipels kan ons dan vra: *Wie kan dan gered word?* Dit is menslikerwys mos onmoontlik. Party verklaarders probeer dan ook om die "oog van 'n naald" te verklaar as 'n baie klein poort, wat snags gebruik is as die groot poort al gesluit was. Nadat jy alles afgepak het, sou jy skuifel-skuifel kon deurkom – wat dan sou kon dui op die vertroue op aardse goed wat jy moet agterlaat om Hemel toe te gaan. Tog is daar nêrens enige historiese verwysing wat hierdie kreatiewe verklaring staaf nie.

Jesus reageer met die woorde: *By mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie; want by God is alle dinge moontlik.* Ons het nie hierdie kreatiewe verklarings nodig om die beeld te verstaan nie. Jesus sê self dit is menslik onmoontlik. Hy het die verleidings van die aardse goedere goed raakgesien. Hierdie verleiding is baie sterker as wat ons graag sou wou erken. Ons sien dit ook in die geskiedenis: periodes van welvaart en rykdom gaan dikwels saam met geestelike agteruitgang.

Jesus sluit af met die bevestiging dat, as ons die aardse dinge laat staan ter wille van sy Naam, ter wille van die koninkryk van God, Hy ons sal beloon met baie meer. En die seën praat ekplisiet vir beide vandag en dan ook uiteindelik die ewige lewe in die nuwe Jerusalem.

Laat ons dan bly waak dat ons aardse rykdom nie 'n struikelblok word op die pad na die Hemelse ewige lewe nie.

Gerhard Bijker

Op die MESPUNT van EKONOMIESE versoeking

Uit die Bybel

Lees: Jakobus 1:1-18;
Teks: Matteus 4:2-4
Die eerste versoeking waarmee Satan die Here Jesus in die woestyn voorgelê het, raak die ratwerk van die ekonomie. Daar is geen kos nie. Satan bevraagteken die Here Jesus se versorging. Hy maak aantreklike voorstelle om vinnig-vinnig van knaende broodgebrek ontslae te raak.

Versoeking in die ekonomie is iets wat elkeen van ons in die gewone dingetjies van die alledaagse lewe raak. Want soos wat Christus versoek is, versoek die duiwel die navolgelinge van Christus. Satan plaas vraagtekens oor ons manier van besigheid doen. Hy stel lokvalle waar dit kom by die ontvang en besteding van ons maandelikse inkomste. Hy is by waar ons ons spaargeld belê. Ons hoor die listige stem van die versoeker: wat die Skrif oor ekonomie sê, is outyds, onbelangrik, nie relevant nie. Die eerste woorde van die vierde gebod waar God ons beveel om ses dae hard te werk, het niks te sê oor produktiwiteit, werkywer, Bruto Binnelandse Produk en stakings nie. En die laaste woorde van die vierde gebod oor rus op die sewende dag is nie van toepassing in 'n maatskappy waar fabrieke sewe uit die sewe dae moet produseer en winkels vir die gerief van die bevolking geen dag hulle deure mag sluit nie. Die agste gebod oor diefstal is irrelevant. Jy moet nou nie opsigtelik iemand anders se geld vat nie. Moet net nie uitgevang word as jy steel nie. Onthou die goue reël in die ekonomie: sorg vir jouself. Wáár finansies ook al ter sprake kom, praat die duiwel saam.

Ons Verlosser en Saligmaker weet wat dit is om in tye van broodgebrek deur Satan aangeval te word. Hy het daardie sataniese aanvalle deurstaan en gebreek. Hy het sy volk daarvan verlos sodat ons nie langer aan Satan sal toegee nie. In sy krag *kan* ons vandag nee sê teen duiwelse versoekings. En *moet* ons ook.

> In sy krag *kan* ons vandag nee sê teen duiwelse versoekings.

Kritieke oomblik
Die Skrif leer ons dat Jesus, nadat die Heilige Gees Hom die woestyn ingelei het, 40 dae en 40 nagte gevas het. Gedurende daardie tyd van eensaamheid en vas het Hy innige gemeenskap met God beoefen. Jesus vas om Homself vir sy ampswerk voor te berei. Hy is só intens met sy Vader besig dat inneem van brood en water agterweë bly. Sy liggaamskragte neem af.
Toe het die versoeker na Hom gekom. Toe Jesus met basiese nood in sy lewe worstel, toe Hy die hongerpyne voel, toe is die duiwel daar. Tipies Satan. As die ekonomie op 'n laagtepunt is, as mense sukkel om te oorleef, as geld min is en die uitgawes baie, dan begin die vrae. Wat nou? Waarheen? Vanwaar sal daar hulp kom?

Maar nou skryf die apostel Jakobus in hoofstuk 1 van sy brief: *Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge verval*. Dit is amper moeilik om te volg wat Jakobus skryf. Moet ons bly wees omdat die duiwel ons versoek? En dit terwyl versoeking dikwels kom as jy in die put sit? Ja, sê Jakobus. Maar dan moet jy die versoekings binne die groter geheel van die lewe sien. Let op jou Verlosser in die woestyn. Op watter oomblik word Hy deur Satan versoek? Nádat Hy gevas het, nádat Hy innige gemeenskap met sy Vader beoefen het. Nou moet blyk wat daardie gemeenskap met die Vader in praktyk beteken.

Die hongerpyne wat die Here Jesus ervaar is in die eerste plek 'n beproewing deur sy Vader. Die Vader kyk hoe sy Seun in die dorre woestyn optree, hoe Hy as Verlosser end-uit gehoorsaam sal wees. Dit doen die Vader met ons ook. Hy toets ons geloof op baie maniere. Hy laat ons die afgelope jare deur diep waters gaan. Toenemende werkloosheid, hoë lewenskostes, lae pryse vir goedere. Hoekom? Ons weet nie. Vir menige hoekom-vraag kry ons geen antwoord nie. Belangriker is die vraag: waartoe, met die oog waarop, waarheen? Wat is die doel van swaarkry? Daaroor het ons wel duidelikheid. Jakobus skryf: *sodat die beproewing van julle geloof lydsaamheid sal bewerk*. Sodat ons deur al die swaarkry geslyp sal word, in die ware geloof sal vasstaan en nie sal val nie.

> Satan *versoek*, die oomblik wanneer die Vader *beproef.*

Binne hierdie raamwerk word die *oomblik* van Satan se versoeking betekenisvol. Hy lê ons gewoonlik voor as die nood hoog is. Hy kom met sy skelm vrae as spanning jou opkeil, as kragte min is. Maar

weet dan dit: Satan *versoek*, die oomblik wanneer die Vader *beproef.* Satan kyk of hy met swaarkry die gelowige van God kan losmaak. Die vraag is: wie is hierin die grootste? Die antwoord hierop is bekend. Die oomblik van versoeking, hoe swaar dit ook al mag wees, word tog 'n oomblik van vreugde. Want ons sien hoe die Here ons vorm en skuur en boetseer en slyp. Hy bewerk lydsaamheid in ons geloof.

Maar dan moet ons nie rondkyk en dink: hoekom moet ons altyd swaarkry terwyl ander mense dit so maklik het nie? Dit is dinge wat die duiwel jou wysmaak – asof jy die enigste mens is wat dit so swaar het. Vra eerder: Vader, U het hierdie pakkie op ons pad gesit; gee genade om dit te dra, en gee genade aan ander om hulle pakkie te dra. Leer ons om raak te sien dat U beproef, terwyl Satan met sy wrede versoeking by is. Leer ons om duidelik en helder tussen dié twee te onderskei en nie moedeloos te word nie.

Paradys – woestyn

Die ooreenkoms tussen die eerste versoeking van Satan in die woestyn en die manier waarop hy Adam en Eva in die paradys versoek het, is ooglopend. Satan se versoeking in die paradys het met 'n vraag begin. *Is dit ook so dat God gesê het: julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?* 'n Listige vraag, want God het duidelik gesê dat Adam en Eva van al die bome mag eet; net die boom van kennis moet hulle uitlos. In die woestyn kom Satan met dieselfde taktiek. Daar word weer 'n vraag gestel. *Jesus, as U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word*. Dit klink nie soos 'n vraag nie. Intussen hang die vraagteken lewensgroot bo-oor die versoeking. Satan weet baie goed dat Jesus Christus die Seun van God is. In die Jordaanrivier, met die doop, is dit opnuut bevestig. Tog vra hy: Jesus, is dit so dat U die Seun van God is? Die dieperliggende vraag is: kan dit waar wees? Kan die Seun van God waarlik honger ly? Is dit hoe die hemelse Vader na sy Seun omsien? En julle, Christene van vandag: julle wat bely dat julle aangenome kinders van God is: hoe verklaar julle die agteruitgang in julle omgewing, die vermindering van inkomste, die noodwendige verlaging van lewenstandaarde? Laat dit jou nie wonder nie? Dit *moet* jou laat dink. Enige regdenkende mens sal begin vrae vra. Watter sin maak geloof in so 'n Vader?

Nee wat, Jesus: sê liewer dat hierdie klippe brode word. As dit dan wel so is dat U die Seun van God is, reken op eie kragte, help Uself. U het mos onbeperkte mag, gebruik dit dan. U kan in 'n oogwink van U hongerpyne verlos word. Gryp net in!

Julle, Christene van 2011: dit geld vir julle ook. Wat is die sin daarvan om in tye van finansiële verknorsing krampagtig aan 'n hemelse Vader vas te klou? Dink 'n slag aan jouself in die harde werklikheid van jou bestaan. Dit is *jou* lewe hierdie: jou geld, jou goed, jou toekoms. Jy werk hard vir jou inkomste. Jy het elke rand en sent daarvan verdien. Gebruik dit soos jy wil. Koop die mooi artikel wat jy so lank al begeer of gaan hou rustig vakansie, bederf jouself behoorlik. Moet veral nie met jou swaarverdiende geld iets vir iemand anders doen nie. Elke maand 'n bydrae vir die kerk as teken van dankbaarheid? Ag nee, hoe kan jy dankbaar wees vir 'n Vader wat jou so beproef? En dan word daar boonop gevra vir 'n offer vir die diakonie, vir die versorging van arm mense? Laat die armes vir hulself sorg. Buitendien: versorging van armes is 'n bodemlose put. Jy sal gee en gee, daar kom geen einde aan nie.

Satan se versoeking in ons ekonomiese bestaan is geslepe. Dit begin met vraagtekens, met twyfel. Is God werklik jou Vader? Is dit hoe Hy sorg en omgee? Dit eindig in blatante aansporing tot sonde. Skuif God en jou naaste eenkant. Moenie jouself langer bind aan sy wil vir jou lewe nie. Maak soos jy wil. Tree op na eie goeddunke en doen dit ter wille van jouself.

Brood en brood

Maar Jesus het Satan geantwoord: *Daar is geskrywe - die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan*. 'n Reguit, presiese antwoord. Die eerste wat van Jesus se antwoord opval, is dat Hy nie met Satan redeneer nie. Jesus Christus loop geen enkele tree op die pad van duiwelse versoeking saam nie. God se Vadersorg in Christus se aardse lewe word geen besprekingspunt op die agenda met Satan nie.

...moet in ekonomiese voortbestaan geheel en al en onvoorwaardelik op God vertrou. Dag na dag.

Teen Satan se godslasterlike versoeking gaan die Skrif kragtig oop. *Daar is geskrywe* in Deuteronomium 8, in die wetboek van die Here: *Die mens sal van brood alleen nie leef nie*. Die volk Israel het die inhoud van hierdie woorde uit ervaring leer ken. Hulle was

vir 40 jaar lank in die woestyn. Die kos wat hulle uit Egipte saamgeneem het, het al gou opgeraak. Toe het hulle geleer wat dit beteken om te leef van *elke* woord wat deur die mond van God uitgaan. Die Here voorsien 'n ander vorm van daaglikse brood as waaraan hulle al die jare gewoond was. Die volk moet manna, engelebrood (*panis angelicus* - Psalm 78), eet. Hulle moet besef dat hulle totaal afhanklik van die manna is. Hulle moet in hulle ekonomiese voortbestaan geheel en al en onvoorwaardelik op God vertrou. Dag na dag.

Daardie vertroue spreek die Here Jesus in die woestyn ook uit. Terwyl Hy honger is en Satan Hom versoek om sy Goddelike krag te misbruik, sê Jesus *nee!* Kos, brood is nommer twee in die lewe; die wil van die Vader is nommer een. Eers moet God gehoorsaam word, eers moet sy koninkryk gesoek word – dan sal die res, ook kos, bygevoeg word. Satan probeer die vraag na brood tussen Jesus en sy Vader inskuif. In sy antwoord wys Jesus die boosheid en valsheid daarvan uit. Wat beteken die hele wêreld se kos en rykdom as jy nie erken dat dit van die Vader kom nie?

Op dié manier word elke satanie-se versoeking in die ekonomie weerlê. Besef altyd dat jy kind van God is en laat Satan jou nooit wysmaak dat dit te betwyfel is nie. Ook in die ekonomie geld die waarskuwing: ken jou swakheid en die duiwel se geslepe krag. Moenie toegee aan die druk van die samelewing nie. As miljoene ander geen erg aan God se gebod het nie, is dit nie vir God se kinders 'n rede om saam te swem in die breë stroom van verderf nie. Inteendeel, dit is ons roeping om altyd terug te val op ons verlossing in Hom. Christus ken versoeking met brood. Hy wys die antwoord op versoeking aan: terug na die Skrif, na gehoorsaamheid aan God.

Ds Gerard J Meijer *is predikant van die Gereformeerde Kerk Oos-Moot*

ARM en RYK : 'n groot olifant in die kerkkamer?

U ken miskien die uitdrukking: "Daar is 'n olifant in die kamer". Dit word dikwels gebruik wanneer 'n groot, dikwels onderliggende probleem nie raakgesien word nie of daar is net nie die wil of die moed om dit raak te sien nie. Die probleem mag so oorweldigend lyk dat dit maar liewer nie genoem en bespreek word nie. Die groeiende gaping tussen arm en ryk is so 'n tipe probleem.

Dit gaan ons eie kerkverband ook nie verby nie. Arm en ryk is saamgevoeg in verskeie gemeentes en in 'n kerkverband. Die totale maandelikse dankoffers van een gemeente is wat 'n ander, sonder om dit werklik te mis, in die kollektesakkie kan sit. Die waarde van die voertuig of huis van een persoon is meer as die totale waarde van 'n ander gemeente se kerkgebou. Dit is 'n realiteit waaraan baie van ons seker al gewoond geraak het, veral in Suid-Afrika met 'n lang geskiedenis van onreg, uitbuiting en ongelykheid. Ten spyte van meer as vyftien jaar se demokrasie is Suid-Afrika nog steeds een van die lande met die hoogste ongelykheid in inkomste in die wêreld. Met die uitsondering van 'n paar lande, is groeiende ongelykheid ook 'n wêreldwye realiteit.

Ons voel dan ook dikwels nie by magte om die probleem aan te spreek nie. Dit is so struktureel ingebed in ons samelewing dat dit veels te groot lyk om maar enigsins 'n verskil daaraan te kan maak. Erger nog, dit word selfs goedgepraat. Vryemarkwerking is bevordelik vir almal, en dit is net 'n kwessie van tyd voordat armoede en ongelykheid aangespreek is, word geargumenteer. Ander sal aanvoer dat dit primêr die staat se rol is om te sorg vir die armstes, 'n probleem van die samelewing en iets waaraan die kerk nie veel kan verander nie. Weer ander voer hardvogtig aan dat armes dit aan hulself te wyte het – as 'n mens nie werk nie, sal jy ook nie eet nie. Armoede word dan gesien as 'n straf op luiheid en die verskaffing van hulp maak die probleem net erger.

Etiese besinning
Hierdie artikel poog om die probleem van ongelykheid en armoede te erken en die noodsaak van 'n etiese gesprek in die kerk hieroor te beklemtoon. Voordat ons te gou na oplossings begin soek, is dit nodig dat ons erken dat daar 'n noodsaak is dat Christene eerlik met mekaar onder die lig van die Bybel sulke etiese kwessies moet en ook kan bespreek. Om saam in die liggaam van Christus te wees, impliseer 'n gesamentlike etiese besinning. Is so 'n etiese besinning hieroor werklik lewend onder gemeentelede? Of word dit afgemaak as 'n oorbodige luukse, of iets wat net nie realiseerbaar is in ons verindividualiseerde samelewing nie?

God haat onreg
Die Bybel leer ons heelwat oor Wie God is en hoe Hy welvaart en armoede bejeën. God haat ongeregtigheid. Die profete is vol daarvan. God haat dit as die elite op beddens van ivoor lê, terwyl werkers nie of sleg betaal word en armes uitgebuit word. God het Israel ook gebied om dele van die oes te laat vir die armes en die land te laat rus. Alles behoort aan die Here en welvaart is nooit verkry uit eie krag nie (Deut 8).

In ons samelewing klink dit maar vreemd. Dit waarvoor ons so hard gewerk het, behoort mos aan ons? Nee, dit behoort aan die Here, sê die Psalmdigter (Ps 24). Alhoewel ons 'n besondere verantwoordelikheid ontvang het om die aarde en haar volheid wys te bestuur, is en bly ons welvaart 'n geskenk van die Here. Met daardie welvaart moet ons Hom dien, soos God self aan ons diensbaar is deur Sy groot dade van skepping, verlossing en op weg na die voleinding.

Armes as 'n seën
Ons hoef nie kampvegters vir gelykheid te word nie. Die verskil tussen arm en ryk is nie die werklike probleem nie, maar eerder die manier hoe sonde die verhoudings tussen armes en rykes in die kerk en in die samelewing versteur. Jy sal die armes altyd by jou hê, sê Christus. Dit is en bly 'n gegewe in hierdie wêreld en is nie altyd 'n probleem nie. Armes speel dikwels 'n belangrike rol ter onderrig en beskaming van ander. Dink maar aan die arm weduwee se geldstukkie. Armes verstaan ook dikwels baie beter wat 'n rykdom dit is om iets te ontvang, en leef ook dikwels in 'n dieper, intenser besef van afhanklikheid en hoop. Armer gemeentelede kan aan ryker gemeentelede soveel leer. Die realiteit van arm en ryk in die kerk moet dus nie gesien word as 'n probleem wat onmiddellik opgelos moet word nie.

Diensbaar
Ons diensbaar-wees aan die Here is dus die vertrekpunt in die beoordeling van armoede in die kerk en in die samelewing. Is ons houding teenoor armes en rykes een wat reg doen aan God se verhouding, sy verbintenis, met ons? Daardie verbintenis is iets heel besonders, dit sluit alle gelowiges en alle lewendige skepsels in, noem Genesis 9. Hierdie verbintenis met mens en skepping is hernu in die dood en opstanding van Christus en hou groot hoop in vir 'n toekoms van volledige voleinding. Niemand het 'n verskoning om dit nie te verstaan nie (Rom 1, 2). Dit is hierdie lewendige hoop wat aanspoor tot aksie deur die werk van die Heilige Gees. Diens aan die Here soek na geregtigheid en herstel van verhoudings met mense en met die skepping. Dit is nie in die eerste plek gerig op materiële armoede nie, maar op 'n armoede van die hart.

In die kerkverband staan ons, arm en ryk, in 'n verhouding tot mekaar, 'n verhouding wat nou al mag heenwys na God se liefdevolle verhouding met mens en skepping wat tot volle reg sal kom in die nuwe hemel en op die nuwe aarde. Dit is 'n ryk seën, maar bring ook 'n enorme verantwoordelikheid mee. Christene, saamgevoeg in kerk en kerkverband, mag nie maar net skuil agter mure van gewoontes, kulture, ras, tradisie en dogma nie, maar is en moet reformerend wees in kerk en in samelewing. Tesame mag ons soek na die wil van die Here, 'n etiese besinning uit die Skrif alleen, 'n etiese besinning wat geen einde ken tot die voleinding toe nie. Hierdie besinning gebeur met armes en rykes, gelyk in Christus, by Wie geen aanneming van die persoon is nie.

Rentmeesterskap onder die loep
Die gedagte van Christelike rentmeesterskap in die uitvoering van ons etiese taak is waardevol, maar mag dalk te beperk geïnterpreteer word. Dit kan gou met een groep geassosieer word. Dit kan ook te veel fokus op bestuur van die materiële, die ekonomie, ons werk en organisasies. Nie net rykes is geroep tot wyse bestuur nie, maar ook die armes. Geen heersug deur rykes met op die oog af mooi oplossings en organisasie oor hoe gelde verdeel moet word nie, maar 'n etiese gesprek tussen arm en ryk is wat ons nodig het. Ek dink ons beroof onsself van dieper gesamentlike insigte uit die Skrif deur te vinnig sulke probleme aan te spreek en te bestuur. Rentmeesters

is nie net konings en bestuurders nie, maar ook priesters wat helend wil werk en profete wat nie kan ophou om te praat oor God se groot dade nie. God gee armes en rykes in een kerk en in een kerkverband. Daar moet ruimte wees daarvoor dat die rykes leer van die armes en beskaamd word en dat die armes geduldig insien wat die Here se weg met hulle is. In die proses het ons natuurlik wel 'n taak dat niemand honger ly of dors het nie. Etiese besinning en aksie gaan saam, solank dit gevoed word deur 'n passie om die Here te dien.

Korinthe
In die brief aan die gemeente van Korinthe word die saak van materiële welsyn tussen gemeentes mooi bespreek. Ryker gemeentes samel geld in vir die armer gemeentes, aangespoor deur God se liefde vir hulle. Die geld waaroor dit gaan, is noodsaaklik, maar dit is 'n bysaak in die groter prentjie van God se liefde. Waaroor dit gaan is die verhouding waarin gelowiges tot mekaar staan, 'n verhouding waarin nou al iets gelees kan word van Christus se werk in die herstel van verhoudings tussen mense en die skepping met God. Die besteding en verdeling van geld is en bly ten diepste 'n geestelike saak, maar ook een waarin die verhoudings tussen mense onderling en tussen mens en skepping die diepste vertroebel word. In ons hantering van inkomste en geld, en 'n verdeling tussen arm en ryk, is dit ons harte wat God eerste soek. Laat Christus dan ook op ons harte geskrewe staan. 'n Hart wat ryk beursies laat oopgaan of 'n hart wat getuig van geduld en afhanklikheid in armoede, omdat ons mag weet dat alles wat in ons lewens gebeur, rykdom of armoede, van die Here is.
Laat ons ons Bybels oopmaak en mekaar opsoek in 'n etiese besinning. Dit mag baie geloofsmoed verg om die olifant in die kamer raak te sien en te begin beskryf. Dit mag implikasies hê vir ons eie geliefde oplossings en selfs lewenstyl. Maar ten spyte hiervan mag ons die vaste sekerheid hê dat Hy sal seën wie Hom soek.

Martin de Wit *is ekonoom en lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.*

BALANS – hoe gaan ek met MY AARDSE RYKDOM om?

Die komplekse samelewing van vandag bied baie uitdagings: ons het te kampe met 'n ongelooflike beskikbaarheid van materiële besittings, maar is dikwels blind vir die verleidings wat dit saambring. Ons neem dit aan uit gewoonte, sonder dat ons 'n oog knip. Die Bybel waarsku en gee ons die wysheid oor die tyd van vandag en die begeerlikheid van die wêreld.

> *Titus2:12 "…en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe…"*

Hoe hanteer ek vandag die komplekse samelewing; staan ek gebalanseerd in die bewuste keuses vir wat reg is in die oë van ons Skepper?

Wêrelds
Die grootste dryfkrag agter die mense van die wêreld van vandag is die maksimalisering van hul aardse rykdom, 'n eindelose begeerte om 'n beter lewenstyl te handhaaf.

> *Psalm 73:12 " Kyk, so is die goddelose mense, en altyd onbesorg vermeerder hulle die rykdom!"*

Vandag kom ons in aanraking met baie finansiële konstruksies en meganismes, en ons vertrou meer en meer op die aardse finansiële stabiliteit in plaas van op God.
Daar ontstaan finansiële mededinging, en die mens vergelyk sy rykdom met dié van die een langs hom. Om by te bly met hierdie gejaag na wind, wil en kan hy sy "besittings" vermeerder sonder om daarvoor te betaal, en word daar gebruik gemaak van 'n **lening** waarop 'n sekere persentasie rente terugbetaal moet word by 'n insitituut soos bv. 'n bank. In dié tipe ekonomiese sisteem van vandag word daar die opsie gegee om **beleggings** te verdubbel of selfs te verdriedubbel in die hoogs fluktuerende ekwiteitsmarkte.

En dan, om te keer dat ons enigiets van ons besittings verloor, verlaag ons die **risiko** deur gebruik te maak van **finansiële versekering**. In Lukas 12 word ons gewaarsku dat ons die aardse rykdom moet weghou van hebsug en dat besittings nie die oorvloed van die lewe is nie.

> *Lukas 12:15 " En Hy sê vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie."*

Maar is dit nie die wêreld wat 'n illusie skep nie...? Die rykdom van die samelewing groei, moet myne dus ook groei...? Die onderliggende motief van hierdie sisteme is gedryf deur die hebsug wat deel vorm van die sondige menslike natuur. Daar is genoeg vir die mens wat hy nodig het in die wêreld, maar daar is nooit genoeg vir hebsug nie. Die mense is nie meer tevrede met wat hulle het nie, en word gedryf tot kompetisie onder mekaar. Dit is natuurlik die wêreld waarvan ons praat, of nie...?

Ons opdrag en God se wil

God gee ons die rykdom, vir dié wat dit toekom. Die invloede van die wêreld gee ons 'n idee van wat 'dalk' reg is, maar gee tog die verleiding. Markus verduidelik van die sorge van die wêreld en hoe dit ons verlei, en die gevaar daarvan dat dit die Woord onvrugbaar maak.

> *Markus 4:19 " en die sorge van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom en die begeerlikhede in verband met die ander dinge kom in en verstik die Woord, en dit word onvrugbaar."*

God verander nooit, die opdrag verander nooit en so ook die Christelike lewenstyl. God se wil word baie keer aangepas by die omstandighede van vandag om dit te regverdig. God is 'n onveranderlike God en so is sy opdrag aan sy kinders. God gee ons die voorreg en die opdrag om te **werk** en waarsku ons dat armoede onstaan vir die wat sluimer of slaap.

> *Prediker 6:10-11 "Nog 'n bietjie slaap, nog 'n bietjie sluimer, nog 'n bietjie hande-vou om uit te rus! So kom dan jou armoede soos 'n rondloper en jou gebrek soos 'n gewapende man."*

Dit wil natuurlik nie sê dat as jy hard werk, jy noodwendig ryk sal word nie. Ons doel op aarde is glad nie om ryk te word nie. Ons doel is om God te dien, met wat ons ook al van Hom ontvang.

Wysheid

Wysheid ontvang ons deur die leiding van God, deur gebed en sy Woord; wysheid vir die Christelike lewensbalans. En soos die woorde van Jakobus dit duidelik stel: dit is 'n voorreg om die wysheid te ontvang. Die wysheid gee ons die insig om die regte keuses te maak. Jakobus beskryf ook wat wysheid alles omvat.

> *Jakobus 3:17 "Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins."*

Die begeerte van die wysheid is waarna die Christen streef; deur die wysheid ontvang ons die rykdom en beheer van ons aardse besittings, die werklike balans. Maar deur die wysheid lê daar 'n verantwoordelikheid in volhoubaarheid en die bevordering daarvan.

Hoeveel is genoeg?

Die wêreld vertel vir ons deur 'n manipulerende illusie dat ons meer soek en meer nodig het. Die opsie om meer te besit is baie gemaklik, en omdat die wêreld so vinnig beweeg en markte ongelooflik uitbrei, neem ons aan dat ons meer nodig het. Die besittings raak duurder, 'n groter huis en dan sommer nog een daarby. Nie meer 'n kar wat net ry nie, nou ook 'n kar wat kan vlieg. Daar word harder gewerk om by alles by te hou, en deur die aard van die harde werk word aangewese rusdae nou al hoe langer en vakansies word duurder. Ons is geneig om te glo dat ons dit "verdien".

> *Romeine 4:4 "Maar aan hom wat werk, word die loon nie na guns toegereken nie, maar na verdienste..."*

Die definisie van "leef" of "lewenstyl" word heeltemal uit proporsie geruk. Niks is meer genoeg of normaal in vergelyking met wat die mens nodig het nie. Wat is my skatte en hoe meet ek dit teenoor my skatte in die hemel?

Goddelike balans
In Timotheüs word 'n mooi verduideliking gegee oor die balans. Die "rykes" word beveel om nie hoogmoedig te wees nie, en nie te hoop op die onsekerheid van die rykdom, of dit wat risiko-verbonde is nie. God laat ons toe om die rykdom te geniet wat ons ontvang. Die ewige rykdom kom voor in goeie werke wat verrig word sowel as in vrygewigheid en mededeelsaamheid. Hierdie rykdom word as ewige skatte weggelê. Dit is die fondament van die toekoms, die ewige lewe.

> *1 Timotheüs 6:17-19 "Beveel die rykes in die teenwoordige wêreld om nie hoogmoedig te wees nie en ook nie hulle hoop te stel op die onsekerheid van die rykdom nie, maar op die lewende God wat ons alles ryklik verleen om te geniet; dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie werke, vrygewig, mededeelsaam, en vir hulle 'n skat weglê, 'n goeie fondament vir die toekoms, sodat hulle die ewige lewe kan verwerf."*

Motief
Jy is alleen maar aards arm of ryk as jy jouself vergelyk met die res van die wêreld. En daarom is ryk en arm relatief in die oë van 'n Christen. Jou skat is in die hemel.

Die beheer van aardse besittings lê in die motief waarvoor dit aangewend word. Die onderskeid tussen dit wat nodig is en dit wat onnodig is, moet uitgewys word. En die motief van elke besitting lê in die dankbaarheid vir my rykdom en die wil om dit met ander te deel.

> *Mattheüs 7:8 " Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word."*

Ons sal ontvang; vertroue op God is die sleutel tot die ontvang van en persepsie van ons rykdom. Die individu se motief oor die keuse vir die doel van sy rykdom en besittings lê in die wysheid wat ontvang is deur die geloof, en die wil om dit aan te neem en dit toe te pas. Dit wat ek het en wat ek nodig het, is dit waarmee ek tevrede is. Ons ontvang wat ons kan beheer. God voorsien, deur die wysheid in Sy leiding. Ek wil dan ook nie meer besit as wat ek nodig het nie. Ongeag die uitkoms van ons lewe, en hoe ook al die pad is wat God vir ons uitwys, ons kan met 'n gerustheid en dankbaarheid ons lewe leef, soos wat God van ons vra.

> *1 Samuel 2:7 "Die HERE maak arm en maak ryk; Hy verneder, ook verhoog Hy."*

Die balans lê in die motief van dit wat ons ontvang en uitdeel, hoe ons omgaan met dit wat ons ontvang. Wysheid in die tevredenheid en dankbaarheid in wat ons ontvang en wat ons uitdeel. Deur die woorde van Romeine kan ons God prys vir die grootheid van Sy wysheid en Sy kennis. En daardeur kan ons Sy rykdom besit deur dit aan te neem.

> *Romeine 11:33 "o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!"*

Roelof Middeljans *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

Wat LEER ONS ons KINDERS van geld en gawes?

Ek kom terug van die entrepreneursdag. My kinders het die gebruiklike oordosis suiker in wat met so 'n dag gepaard gaan en die gewone speelgoed in hul sak – in China vervaardig en na 'n week beland dit op die ashoop. Ek wonder so by myself wat kan die kinders nou na so 'n dag van hul spaargeld wys?

Dit sit my aan die dink. Leer ons ons kinders nog bewustelik wat die Bybel ons leer oor geld? Leer ons hulle verantwoordelikheid en vrygewigheid? Moet ons aanvaar sekere mense kan met geld werk, en ander kan nie – soos wat dikwels gesê word?

Dit wat ons hulle nou leer, sal medebepalend wees oor hoe hulle eendag hul finansies sal beheer. "*Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie*." Spreuke 22:6

Waar kry ons ons geld en gawes vandaan?
Die eerste wat kinders moet besef, is dat alles aan die Here behoort. Dit is nie so moeilik om dit aan 'n vierjarige te verduidelik nie. Wanneer jy 'n prent gemaak het, behoort dit aan jou tensy jy dit vir iemand gee. Een van die eerste Bybelverhale wat ons vir hulle vertel, is die Skeppingsverhaal. Die Here het alles geskape, daarom behoort alles aan Hom. Ons besit niks nie – ons is net bestuurders. Ons moet die skepping en dit wat die Here ons gegee het, oppas.

Om dit aan ons ouer kinders duidelik te maak, kan ons die volgende tekste in hul konteks bespreek:
Psalm 24:1-2 : *"Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon; want Hy het dit gegrond op die seë en dit vasgestel op die strome."*
Kolossense 1:16 : *"want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte—alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape."*

Tevredenheid
Aangesien alles aan die Here behoort, moet ons tevrede wees met dit wat God aan ons gee. In 1 Timotheüs 6:7-8 lees ons: *"Want ons het niks in die wêreld ingebring nie; dit is duidelik dat ons ook niks daaruit kan wegdra nie. Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees."*
En Hebreërs 13:5 sê: *"Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie."*

Tevredenheid beteken nie dat al jou behoeftes bevredig is nie. Paulus is hier 'n goeie voorbeeld vir ons. Filippense 4:11, 12: *"Nie dat ek dit uit gebrek sê nie, want ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is. Ek weet om verneder te word, ek weet ook om oorvloed te hê; in elke opsig en in alle dinge is ek onderrig: om versadig te word sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly."*

Tevredenheid is 'n gemoedstoestand waar jy niks meer verlang as wat jy het nie. Daar is sekere dinge wat ons nie kan verander nie, ons moet dit aanvaar. Jy moet leer om te geniet wat jy het in plaas van fokus op dit wat jy nie het nie. Tevredenheid is iets wat aangeleer moet word (Fil 4:11). Jy word nie net een oggend wakker en dan is jy tevrede nie. En daarom moet ons eers self leer om tevrede te wees voor ons ons kinders kan leer om tevrede te wees.

Hoe kan ons ons kinders leer om tevrede te wees?

- Ouers se voorbeeld is baie belangrik. Ons as ouers moet 'n goeie voorbeeld gee deur nie te kla as ons iets nie kan bekostig nie. As jy nie nuwe plante kan bekostig nie, maak steggies. As jy nie verjaardaggeskenke en kaartjies kan bekostig nie, maak dit self. Sê gereeld dankie vir jou kinders en so leer hulle ook om dankbaar te wees en dit te sê.
- Stel jou kinders bekend aan ander lewenstandaarde. In ons land is dit nie moeilik om jou kinders daarop te wys dat ander mense met minder klaarkom nie.
- Verskaf goeie rolmodelle van tevredenheid. Ek is besig om vir ons kinders die boeke te lees van Laura Ingalls Wilder se kinderjare. Dit gaan oor 'n pioniersgesin in Amerika en daar vind 'n mens 'n gesin wat met die minimum deur baie moeilike tye gaan en steeds tevrede en blymoedig is. Soms wys ek ons kinders spelenderwys daarop dat hulle meer speelgoed, klere en 'n makliker lewe het as Laura. So is daar nog talle boeke, ware verhale, waaraan ons ons kinders kan bekendstel, sodat hulle kan verstaan dat dit wat hulle het, nie normaal of 'n reg is nie. Verduidelik dit in liefde aan hulle en nie met verwyt en irritasie nie.
- Advertensies is daar om 'n behoefte of begeerte te skep wat voorheen nie daar was nie. Oorweeg dit om die gemorspos (reklameblaadjies) te onderskep wat die huis inkom, en vir sover dit moontlik is: beperk die blootstelling aan oormatige reklame – of dit nou winkels, televisie-kanale, tydskrifte of selfs die koerant is. En belangrik: vertel jou kinders waarom jy dit doen.

Waarvoor moet ons ons geld gebruik?
As ons net bestuurders is, kan ons nie ons geld gebruik waarvoor ons lus het nie. Ons het verant-

woordelikhede. God het ons geseën met sekere hulpbronne, gawes en talente en dit behoort eintlik aan Hom. God gee ons die krag en geleenthede om te kan leer en werk sodat ons onder andere geld kan verdien. Deuteronomium 8:17, 18 : *"en jy in jou hart dink: My krag en die sterkte van my hand het vir my hierdie rykdom verwerwe. Maar dink aan die HERE jou God, dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe, dat Hy sy verbond kan bevestig wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het, soos dit vandag is."*

Eerstens moet ons dit wat die Here ons gegee het, gebruik om God se koninkryk uit te brei. Mattheüs 6:33 : *"Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."* Let wel "*hierdie dinge*" verwys na kos en klere en nie na allerhande luukses nie. Dan moet ons ons gesinne versorg, en ook die armes help. En laastens mag ons ook van die vrug van ons arbeid geniet.

Verantwoordelikheid

Ons moet ons gawes reg bestuur.
'n Deel van reg bestuur is om verantwoordelik en spaarsamig te wees. Dit beteken om goeie keuses te maak met die hulpbronne wat God ons gegee het. Hoe leer ons ons kinders dit? Ons kinders sien as ons besluite neem en die volgende vrae vra:

- Is dit die beste manier om die geld te spandeer?
- Ondersteun ons iemand wat op 'n Christelike manier getuienis gee in die manier hoe hy besigheid doen? Of koop ons waar dit die goedkoopste is, ook al is dit 'n Moslem?
- Is die produk omgewingsvriendelik? Kan ons vermorsing verminder?
- Is dit kwaliteit of gaan dit vinnig breek en op die ashoop beland?

Ons kinders moet weet waarom ons verkies om gesonde kos te eet, hoekom ons 'n ouer kar ry, hoekom hulle nie elke seisoen nuwe klere kry nie, hoekom ons ons eie groente plant en eet, waarom hulle nie weer R15 gaan kry om op entrepreneursdag te spandeer nie. Herinner die kinders daaraan om eerder die gordyne oop te maak as om die lig aan te skakel en so elektrisiteit te spaar. Leer jou kinders die waarde van 'n motor as vervoermiddel en nie as statussimbool nie. Leer jou kinders om groente wat in seisoen is, te koop. Dit is alles deel van die groter prentjie om ons geld verantwoordelik te spandeer.

Vrygewigheid

Ons moet die belangrikheid van vrygewigheid met ons kinders bespreek. Dit is 'n belangrike deel van omgaan met aardse goed en baie relevant in ons land.

- Wanneer jy vir iemand gee, vertel vir die kinders hoekom jy dit doen, of nie doen nie. 'n Kind verstaan nie waarom jy vir die een arme geld sal gee, maar vir die dwelmverslaafde op die hoek van die straat net kos gee nie.
- Lees vir die kinders stories en biografieë waarin die karakters vir ander gee en opoffer.
- Jy kan ook Spreuke 11:25 met die kinders bespreek: *"Daar is een wat ruim uitdeel en nog meer kry, en een wat terughou meer as wat reg is, maar tot sy gebrek."*
- Handelinge 20:35 : *"Ek het julle in alles getoon dat ons deur so te arbei die swakkes moet help en die woorde van die Here Jesus moet onthou, dat Hy gesê het: Dit is saliger om te gee as om te ontvang."*
- Spreuke 19:17 : *"Wie hom ontferm oor die arme, leen aan die HERE; en Hy sal hom sy weldaad vergelde."*
- Jakobus 1:27 : *"Reine en onbesmette godsdiens voor God en die Vader is dít: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jouself vlekkeloos te bewaar van die wêreld."*

Wys vir jou klinders dat jy vrygewig is en betrek hulle daarby. Bid vir die mense vir wie julle gee. Laat die kinders toe om te help besluit vir wie julle wil gee. Daar mag dalk 'n stadium kom wanneer jou kind iets wil weggee waarvan jy dink dat hy dit moet hou. Indien moontlik, laat hom toe om vrygewig te wees.

Om af te sluit: Die houding waarmee jy gee, is belangrik. Dit word saamgevat in die teks van die linker- en die regterhand.
Mattheüs 6:3-4 : *"Maar jy, as jy liefdadigheid bewys, laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie, sodat jou liefdadigheid in die verborgene kan wees; en jou Vader wat in die verborgene sien, Hy sal jou in die openbaar vergelde."*

Erica Bijker *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

KERKNUUS

Kerknuus

Vrouesaamtrekdag 2011 in Bethal

Vroeg in die môre op 'n nog nie heeltemal wintersdag het sowat 10-12 motors vol vroue vertrek op 'n twee uur lange rit na Bethal. Die dag was Saterdag 21 Mei en die geleentheid: Vrouesaamtrekdag 2011.
Ten spyte van dik lae mis en stadige vragmotors wat ons dapper bestuurders verby moes worstel, het ons tog lekker gesels en met dankbaarheid het almal veilig in 'n sonnige Bethal aangekom. Ons is ontvang met lekker warm verversings en toebroodjies...
Bethal se son moes nog die kerksaal binnetree.
Na registrasie het almal 'n koevert ontvang met die naam van 'n vrou uit die Bybel. As daar Sara op jou koevert gestaan het, dan het jy by die Sara-tafel aangesit, en as jy Tabita was, net so. Al was Sara self nie daar nie, het dit die geleentheid gegee dat jy kon gesels met soms onbekende medegelowige susters wat ook eendag op die nuwe aarde saam met Sara en die groot skare van medegelowiges sal wees.

Almal (ook van so ver as Nederland) is hartlik verwelkom deur suster Marietjie Breytenbach. Daar was selfs 'n bekende jong dame vanuit Nederland. Ook van ons Engelse medesusters vanuit die "Living Hope"- gemeente van Akasia was teenwoordig. "A living hope" en gebed dat ons nie sal vergeet van ons mede-susters uit ander Suid-Afrikaanse kulture nie. Sara sou ook nie baie tuis gevoel het onder ons nie en tog is ons een in Christus.

"En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is" (Romeine 12:2).

Dit was die tema van ds Breytenbach se referaat. Hy het ons gelei aan die hand van 'n skematiese voorstelling deur die boek Romeine, waarin ons geleer is wat 'n redelike godsdiens aan die Here is. Die maatstaf is: gehoorsaamheid aan die Here en 'n nuwe lewenshouding. Dit was belangrik vir die Christene uit die heidene sowel as vir die Christene uit die Jodedom. En dit geld nog net so vir ons vandag, al leef ons in 'n baie ander tyd wat betref ons media- en wêreldbeskouing.
Die beginpunt van alle diens aan die Here is: Sy genade. Die doel van alle diens aan die Here is dat almal wat aan Hom behoort, terugkeer na Hom en Hom eer. Hierdie doel het ons gesien in vyf hoofgedagtes.

1. Terugkeer na die Skepper
   Vanaf die Ou Testament, deur die Nuwe Testament tot vandag toe moet kinders van God steeds terugkeer na Hom en wegdoen met alle afgodery.
2. Totale offer aan die Here
   Ons liggaam, ons wil, ons siel: ons hele hart in diens van die Here – 'n lewende offer vir Hom en nie vir die afgode nie. Ons diens is nie net in 'n tempel of kerk nie, maar in die lig van God se liefde in diens aan Hom eerste en ons naaste soos onsself.
3. Volle aandag en toets van ons diens
   Ons is gevra om vernuwe te word deur die vernuwing van ons gemoed. Dit beteken verandering van gedagtes en om daaraan te dink wat dit beteken dat God jou Skepper is asook om jouself steeds te toets of jy werklik na Jesus luister en nie na jou eie sondige hart nie.
4. Ons diens aan die Here moet volgens Sy wil wees
   Ons vernuwing moet volgens Sy openbaring wees: die goeie en welgevalle en volmaakte wil van God. Hou by die reël dat jy heilig moet wees, want God is heilig (1 Petr 1:15,16). As ons dit doen, dan dien ons mekaar in liefde.
5. Die nuwe houding en uitsig in die lewe
   Die gevolg hiervan is dat ons dan nie wêreldgelykvormig word nie. Die Heilige Gees verander ons en ons fokus op God, al worstel ons met selfgesentreerdheid. Ons wil God en ons naaste dien. Ons nuwe gemoed het 'n uitwerking, ons is gefokus op die heerlikheid van die Here en die verlossing van mense.

Na heerlike "muffins" en koffie/tee, en so 'n bietjie van Bethal se warm sonskyn, het ons weer bymekaar gekom by ons tafels. Sommiges het in die proses van 'n Debora of Tabita in 'n Sara verander. Elke tafel moes diep nadink oor die diep deurdagte vrae wat gerig was op die selfgesentreerde samelewing en hoe dit moontlik is om as vrou, wat op Christus gerig is, staande te bly. Ons moes praktiese voorbeelde gee van hoe ons as gelowiges die tipiese probleme van selfgesentreerdheid sou aanspreek. Sara en Tabita sou seker baie verward gewees het oor hoe die wêreld ontwikkel het, maar ek is seker die uitweg om staande te bly in Christus sou presies dieselfde gewees het. Die tyd was amper te min om alles goed te bespreek, maar dit het weer ruimte gegee vir latere bespreking met familie en vriende... of om self daaroor na te dink.
Die gedagtes van Sara, Tabita en Debora is weergegee in 'n algemene terugvoering, waaruit duidelik na vore gekom het dat ons hiermee nog baie besig kan en mag en moet wees. Elke dag in ons gebede kan ons tot die Here bid vir vernuwing van ons gemoed.

Na die bespreking het mnr Wynand Deysel 'n voorlegging gegee oor die Marietjie-skool in Secunda. Hierdie skool het in 1979 ontstaan en is opgerig vir spesiale gestremde sowel as swak begaafde kinders sodat hulle vaardighede kan aanleer om inkomste te verdien voordat hulle 21 word. Die skool het amper 250 leerlinge, waarvan die meerderheid swart kinders is. Dit is 'n dagskool waar daar ook een goeie ete per dag verskaf word. Hulle het twee hoofde, ongeveer 14 onderwysers, meer as 30 terapeute en baie vrywilligers wat betrokke is by die skool. Die meeste kinders kom uit arm gesinne wat nie die skoolgeld kan bekostig nie. 'n Kollekte is gehou voordat ons geëet het en met dankbaarheid aan die Here kon die skool gehelp word met R3 000-00.

Ter afsluiting het ons met dankbaarheid gesing en suster Shirley du Preez het afgesluit met "Our Father who art in Heaven." Voordat ons weer in ons voertuie moes klim vir die twee ure terug huis toe, is ons bedien met heerlike bobotie, groente, slaai, brood en 'n smullekker nagereg.
Hiermee 'n groot dankie aan ons susters van Bethal. Eenheid in Christus is mooi. Laat ons bid en werk om dit te bewaar.

Christine Hordijk is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk van Pretoria. Foto's geneem deur Nellie Kleijn.

- - - - -

Onderhoud met ds DeGelder van Kanada

Ds en mev DeGelder het onlangs by hulle kinders in Suid-Afrika gekuier. Dit het ons die geleentheid gebied om in 'n persoonlike hoedanigheid met hom te gesels oor die kerklike gebeure in Kanada.
Hoe gaan dit met die susterkerke daar? Van die vrae is in opvolg van die Kanadese kerknuus wat verlede maand in *Kompas* verskyn het.
Ds DeGelder is predikant van die gemeente Flamborough, Ontario wat baie naby aan Hamilton en Burlington lê.
Ds DeGelder het die laaste sinode van die Kanadese Gereformeerde Kerke (CanRC), wat vanaf 10 tot 26 Mei 2010 in Burlington gehou is, bygewoon.

Word die nuwe "Book of Praise" (Psalmboek) wat deur die Kanadese gemeentes geïmplementeer is, goed ontvang? En word die nuwe gesange wat daarin vervat is, ook goed aanvaar?
Ja. In Januarie 2011 het die meeste gemeentes die voorlopige uitgawe van die nuwe Psalmboek begin gebruik. Hierdie Psalmboek bevat 150 Psalms en 85 Gesange.
'n Ryk verskeidenheid van deeglik geselekteerde gesange is gekies om in die diens gebruik te kan word.
Hierdie gesange beskryf die groot werke van die Here nadat die Psalms geskryf is.
Ek glo dat die nuwe gesange oor die algemeen baie goed aanvaar word.
Baie gemeentes het reeds na die sinode van 2007 begin om die nuwe gesange te oefen. Daar is vooraf besluit om nuwe gesange te beperk tot 100 om sodoende die rykdom van die Psalms nie op die agtergrond te skuif nie. Die sinode, wat DV 2013 weer byeenkom, sal die "Book of Praise" finaliseer nadat hulle al die wysigings verwerk het.

Is daar enige nuwe verwikkelings tussen die Kanadese Gereformeerde Kerke en die United

Reformed Churches of North America (URCNA)? Ons verstaan dat daar voorheen baie gedoen is op plaaslike en nasionale vlak, maar dat daar wat betref teologiese opleiding groot verskille is.

Die CanRC is verbind daartoe en sien die soeke na eenheid met ander kerkgemeenskappe as 'n opdrag van die Here. Dit het duidelik na vore gekom tydens die laaste sinode, toe die drie komitees wat voorheen aangestel is om die verskille ten opsigte van die Kerkorde, Liedboek en teologiese opleiding op te los, weer aangestel is om saam met die komitees van die URCNA met hul werk voort te gaan.

Die sinode van die URCNA het egter nie die mandaat vir hierdie komitees hernu nie en het sodoende die deur na die CanRC toegemaak. Hierdie situasie maak dit baie moeilik om voort te gaan. Nog 'n faktor wat bykom, is die feit dat die Amerikaanse gemeentes van die URCNA, veral dié in die suidelike dele van Amerika, baie min kontak het met die gemeentes van die CanRC in Kanada. In Kanada self is daar nog gereelde kontakte tussen die CanRC en URCNA. Kanselruil vind op gereelde basis plaas, en wat skole betref word daar ook oor en weer saamgewerk.

In Pretoria word ook aktief uitgereik na plaaslike gemeentes van die GKSA, en aanvaar ons mekaar dan ook as ware kerke van Christus. Op sinodale vlak is dit egter moeilik as gevolg van groot Bybelse verskille, veral wat betref die uitleef daarvan. Sou kanselruil in hierdie omstandig-hede moontlik wees?

Ek is glad nie bekend met die GKSA nie. Dit is egter baie goed om op plaaslike vlak te begin kommunikeer.

Die Here gee aan elke gemeente die opdrag om eenheid te soek met alle gelowiges. Wat dan ook beteken om prakties aan hierdie realiteit uiting te gee. Die kerkorde kan hierin 'n rol speel, en so 'n versoek tot kanselruil sou dan op klassis oorweeg moes word, en moontlik ook op sinodale vlak. Veral in 'n klein kerkverband is dit belangrik.

Is dit regverdig om van 'n gemeente wat Christus opreg wil dien, maar wat in 'n dwalende kerkverband staan, te verwag om by jou kerkverband aan te sluit?

Dit kan 'n aanbeveling wees, maar baie wysheid in so 'n situasie sal in gebed van die Here gevra moet word. Ware Christene in 'n dwalende kerk besef terdeë dat die kerk dwaal, en voel dikwels geroepe om aktief binne die kerk te reformeer. En dikwels sien hulle dan steeds God se bewarende en werkende hand.

Dié wat nie deel is van die dwalende kerkverband of gemeente nie, sien dikwels net die negatiewe en verkeerde raak, en konsentreer dan op dit by hulself wat hulle veilig laat voel.

Wanneer dit kom by die soeke na eenheid is dit belangrik dat ons nie verwys na "ons kerk" en "julle kerk" nie. Ons praat oor die kerk van Christus wat die opdrag ontvang om eenheid te soek tussen alle gelowiges, alle kinders van God. En die eenheid moet sigbaar word in hoe ons saam lewe.

Die vorige CanRC-sinode het besluit dat susters ook kan deelneem aan die verkiesing van ampsdraers. Elke gemeente het die vryheid om hierdie nuwe besluit te implementeer al dan nie. Is die besluit goed ontvang, en is dit in die laaste jaar reeds in werking gestel?

Die vraag oor vrouestemreg is reeds sedert die 1970's op sinodevlak bespreek.

Vir ongeveer 40 jaar reeds is dit 'n 'warm patat' wat in die lug bly hang het van die een sinode na die volgende sinode.

Die laaste sinode het tot die gevolgtrekking gekom dat daar geen Bybelse gronde is dat vroue moet stem nie, asook geen Bybelse gronde wat dit verbied nie. Die kerkorde is dieselfde mening toegedaan, dat verkiesings plaasvind met samewerking van die gemeentes. (CFH: VGKSA-kerkorde is in dié sin dieselfde: *"Die ouderlinge en diakens sal tot hul amp geroep word deur die kerkraad en die diakens, met medewerking van die gemeente en met inagneming van die plaaslike reëlings".)*

Daarom het die sinode besluit om die implementering van die besluit oor te laat aan plaaslike gemeentes. Sommige gemeentes het die besluit aanvaar en geïmplementeer, maar ek kry die indruk dat die meeste langer gaan neem voor dit geïmplementeer sal word. Sommige gemeentes mag besluit om nie hierdie reël te implementeer nie en teen die besluit te appèlleer op die volgende sinode.

Ds DeGelder, u is lid van die "MIDDLE-EAST Reformed Fellowship" (MERF) wat radio-uitsendings vanuit Siprus behartig. U het ook die eiland besoek voordat u Suid-Afrika toe gekom het. Kan u ons 'n bietjie meer hieroor vertel? Asook of dinge daar verander a.g.v. die huidige onrus in die Arabiese lande?

MERF is 'n fasinerende bediening van die Evangelie

van Jesus Christus in die Arabiese lande, met hul hoofkwartiere op die eiland Siprus. Dit is 'n Gereformeerde bedieningsorganisasie wat gemeentes en Christene in die Midde-Ooste, Noord-Afrika en Asië bedien. Hierdie projek word ondersteun deur 'n familie van Gereformeerde en Presbiteriaanse kerke, asook gelowiges regoor die wêreld.

Hierdie organisasie is in 1984 begin onder leiding van ds Victor Atallah, 'n Arabiese Christen. Dit reik uit na klein gemeentes en Christene in die Moslemwêreld, waar Christen-vervolging dikwels aan die orde van die dag is. Daarom is dit onmoontlik om predikante of sendelinge daar te vestig. Die sentrum van waar-uit hierdie werk gedoen word, word die Johannes Calvyn Sentrum genoem. Christelike radioboodskappe word daagliks in Arabies en ander tale uitgesaai. Hierdie uitsendings bereik Christene in Soedan, Ethiopië, Sirië, Jordanië en ander Moslem-lande.

MERF het drie hoof-aksies waarvan ek reeds die radio-uitsendings genoem het. 'n Groeiende aantal nie-Christene reageer op hierdie uitsendings en wil baie graag meer weet oor die verlossende waarheid van die evangelie.

Tweedens bied hulle Bybelse opleiding vir kerkleiers aan. In die verlede het al die kerkleiers in Siprus bymekaar gekom vir opleiding, maar dit het te duur geword. En dit was ook nie altyd prakties haalbaar nie. Deesdae kom die kerkleiers op verskillende plekke in verskeie lande bymekaar. Die opleiding is 'n eenvoudige, maar Bybelse en ook belydende kategese.

Derdens bied MERF hulp met kerkuitbreiding en evangelisasie, deur predikante te ondersteun en van gereformeerde materiaal en literatuur te voorsien. Soms sal MERF diakonale ondersteuning bied, vanuit 'n Godgegewe deernis vir mense in nood. Gebaseer op Bybelse norme kom diakonale ondersteuning saam met die Blye Boodskap. Daarom word dié wat in nood is, nie net materieel nie, maar ook geestelik ondersteun.

Deur God se genade, volgehoue gebed en harde werk oor jare is 'n effektiewe en steeds groeiende bediening daar gevestig.

Soos wat die werk uitbrei, het die behoeftes ook gegroei. Vir dié doel is ondersteuningsnetwerke in Australië, Nieu-Seeland, Engeland/Wallis, Skotland, Ierland, Nederland, Amerika en Kanada opgerig. Die ekonomiese resessie van die laaste paar jaar het MERF ook finansieel negatief geraak.

Die veranderings wat in die laaste klompie maande in Arabiese lande plaasvind, bring ook nuwe vrae en uitdagings vir MERF mee. Gaan daar meer sekulêre regerings aan bewind kom, wat meer tolerant sal staan teenoor ander gelowe en moontlik meer vryheid bied vir die verspreiding van God se Evangelie, of gaan ons gekonfronteer word met 'n meer fanatiese Moslem-regering?

Hierdie is vrae waarmee MERF tans moet worstel. Laat ons hierdie organisasie in ons gedagtes hou, en spesifiek in ons gebede.

Vir meer inligting besoek gerus die webwerf:
www.merf.org

Christine Hordijk *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

'n GAWE van GOD
Borsvoeding, die sleutel tot gesondheid?

Diabetes Mellitus (suikersiekte), hoë bloeddruk en hoë cholesterol. Iets nuuts vir ons? Nee, die meeste van ons is òf self gediagnoseer met een of meer van die siektetoestande òf het 'n familielid wat byvoorbeeld op hoë bloeddruk-medikasie is. Van die siektes kan geneties oordraagbaar wees, maar deesdae word dit grootliks toegeskryf aan mense se lewenstyl. Rook, alkohol, onaktiwiteit en ongesonde eetgewoontes is van die sondebokke. Daar is egter nog een groot oorsaak vir hierdie kroniese siektes, naamlik vetsug. Volgens die Wêreld-Gesondheids-Organisasie (WGO) was in 2008 wêreldwyd omtrent 1.5 biljoen volwassenes ouer as 20 jaar oorgewig. Hiervan was 200 miljoen mans en omtrent 300 miljoen vroue vetsugtig. Daar word beraam dat teen 2015 omtrent 2.3 biljoen van die volwassenes oorgewig sal wees en dat 700 miljoen vetsugtig sal wees. In 2010 was omtrent 43 miljoen kinders onder die ouderdom van 5 jaar oorgewig.

Voorkoming?

In tydskrifte, koerante en op televisie word daar baie aandag gegee aan 'n gesonde lewenstyl en eetgewoontes. Resepteboeke met titels soos "Gesonde Gesinskos" staan uitgestal in boekwinkels. Dit is egter ironies dat baie

mense eers hul lewenstyl verander nadat hulle gediagnoseer word met een of ander kroniese siekte. In baie gevalle is dit selfs te laat. Die groot vraag is egter wat is belangriker: voorkoming of genesing? Natuurlik voorkoming! En dit begin nie wanneer ek 20 of 40 jaar oud is nie. Dit moet begin wanneer 'n klein pap babatjie sy/haar eerste kos kry in die vorm van moedersmelk.. En nie net vir die eerste 2 weke van sy/haar lewe nie, maar vir ten minste die 1ste jaar en wel eksklusief vir die eerste 6 maande.

Die regte keuse - borsvoeding

Eksklusiewe borsvoeding word wêreldwyd aanbeveel as die mees optimale voeding vir babas. Om eksklusief te borsvoed beteken dat die baba net voed op borsmelk en geen ander kos of vloeistowwe kry nie, selfs nie eers water nie. Die Wêreld-Gesondheids-Organisasie beveel alle moeders aan om hul babas eksklusief te borsvoed vir die eerste 6 maande van sy/haar lewe vir optimale groei, ontwikkeling en gesondheid. Die baba moet daarna blootgestel word aan gesonde komplementêre voedsel, maar die moeder kan steeds aanhou borsvoed tot op 2-jarige ouderdom. Dit is egter skrikwekkend om te hoor dat net sowat 35% van babas tussen die ouderdom van nul tot ses maande eksklusief geborsvoed word! Daar is gevalle waar 'n moeder probleme ondervind met borsvoeding. Dit is dan belangrik om professionele hulp te kry voordat borsvoeding totaal gestop word. Die probleme word meestal deur verandering in tegniek opgelos. In die geval van 'n siek of prematuur gebore baba is borsmelk steeds die beste voeding vir die baba. Uitgemelkte borsmelk kan dan met 'n klein koppie of deur 'n buis in die neus gegee word.

Die voordele

Borsvoeding is uniek en natuurlik. Geen produk sal ooit kan voldoen aan die kwalitiete van borsmelk nie. Borsmelk bevat al die nutriënte in die korrekte hoeveelhede wat 'n baba vir die eerste 6 maande van sy/haar lewe benodig. Die dermkanaal kry ook kans om te groei en te ontwikkel en dit beskerm die baba teen allergieë. Indien die baba voor 6 maande aan voedsel of ander vloeistowwe blootgestel word, verhoog dit sy/haar risiko om allergieë te ontwikkel aansienlik.

Proteïen

Borsmelk het 'n unieke voedingsamestelling. Die totale proteïenkonsentrasie is laer as dié van koeimelk, maar voldoen nog steeds aan die baba se behoeftes en voorkom dat die niere oorlaai word met stikstof (nitrogeen), wat tot nierskade kan lei. Die hoofproteïen in borsmelk, naamlik wei-proteïen, vorm 'n sagte, maklik verteerbare substansie (wrongel) in die dermkanaal van die baba.

Vet

Vette (lipiede) is die hoofbron van energie in borsmelk. Essensiële vetsure in borsmelk vorm omega 3- en omega 6-vetsure wat 'n baie belangrike rol in groei, neurologiese ontwikkeling en visuele funksie van die baba speel. Borsgevoede babas se inname van cholesterol is hoër as babas wat voed op formulemelk. Ironies genoeg word hierdie hoër inname van cholesterol verbind met laer bloedcholesterolvlakke op later leeftyd.

Vitamiene en minerale

Borsmelk van gesonde moeders bevat al die vitamiene en minerale wat 'n normale baba benodig om te groei. Vitamien D in borsmelk kan moontlik te min wees, maar behoort maklik aangevul te word met daaglikse blootstelling aan sonlig. Die natrium-(sout) konsentrasie is besonder laag en is voordelig vir die baba, aangesien dit nierskade voorkom. Die yster- en sink-inhoud van borsmelk is laag, maar die biobeskikbaarheid (hoë beskikbaarheid vir absorpsie) daarvan vir die baba is uitstekend.

Immuniteit

Tydens die eerste 2-3 dae na geboorte word 'n vloeistof naamlik kolostrum geproduseer wat hoofsaaklik anti-liggame en witbloedselle bevat. Dit word beskou as die baba se eerste immunisasie. Immuun-komplekse (bv immunoglobulien A) in borsmelk dien ook as beskerming vir die dermkanaal. Borsmelk bevat ook 'n Bifidus-groeifaktor vir die groei van *Lactobacillus bifidus*-bakterieë wat die groei van *Escherichia coli* inhibeer en dit beskerm die baba teen intestinale infeksies en voorkom diarree.

Gesonde gewig

Borsvoeding verseker normale gewigstoename en verlaag die risiko vir vetsugtigheid. Studies toon aan dat die voorkoms van oorgewig, vetsug en tipe 2 Diabetes Mellitus laer is onder mense wat geborsvoed is. Hulle het ook 'n laer gemiddelde bloeddruk en laer totale cholesterol gehad.

- Nog **voordele** van borsvoeding vir die ma en haar baba:

- Kalmerende effek op ma en baba
- Verlaag moeder se risiko vir bors- en ovariumkanker
- Goedkoop en tydbesparend (geen gesukkel met die aanmaak van bottels nie)
- Moeder verloor vinniger gewig na die swangerskap
- Gesonder babas (verlaagde risiko vir infeksies en diarree)
- Beter kognitiewe ontwikkeling
- Speel 'n baie belangrike rol in kaak-, tand- en spraakontwikkeling

Voordele vir die gesin
Borsvoeding hou egter nie net voordele in vir die ma en haar baba nie, maar ook vir die gesin as geheel. Dit is 'n bindingsmiddel. Die gesin raak meer geheg aan mekaar. En omdat dit 'n kalmerende effek op die ma en baba het, verminder dit stresvlakke in die huishouding.

Vanuit die mediese en wetenskaplike oogpunt is daar eenstemmigheid dat borsvoeding die beter alternatief is. Maar tog sien ons vandag dikwels dat allerhande ander redes die oorhand kry. En natuurlik kan daar geldige redes wees. Maar laat ons oppas om nie wêreldgelykvormig te wees in ons beoordeling wanneer allerhande redes aangevoer word dat borsvoeding nie 'n opsie is nie: Ma se loopbaan, materialisme, emansipasie: Pa en Ma is gelyk – ook wat kosgee vir kinders aan betref, Ma se voorkoms, haar onafhanklikheid, sy is te besig, ens; oorkoepelend: ouers se selfsugtigheid wat die oorhand kry. Die boodskap is eenvoudig en duidelik.

Gebruik hierdie gawe van God tot Sy eer!

Corlia Drijfhout *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

FAALANGS

Gesin & Opvoeding

Kom ons noem haar Lizelle. Sy praat met haar ma oor die mondeling op skool. Sy sien glad nie daarna uit nie: "Wat help dit as ek goed voorberei. Ek kan dit nie doen nie! My keel raak sommer so dik. En ek kry 'n bewerige stemmetjie. Almal kyk vir my. Ek raak bloedrooi. En dan weet ek glad nie meer wat om te sê nie."

Klink dit bekend? Dalk by uself as ouer of een of meerdere van u kinders? Almal sukkel in 'n mate daarmee: met faalangs, oftewel: om bang te wees om foute te maak.

Ons het so 'n klein bietjie stres nodig om ons take goed te kan uitvoer. Dit sorg daarvoor dat ons goed voorbereid is en nie sommer van die begin af tou opgooi nie. Dit help dat ons ons sake in ons gesin of daarbuite netjies in orde het. Die bietjie stres wat ons help om dinge beter te doen, word ook wel positiewe stres genoem.

Tydens die periode van volwassewording is die **aandag van ouers** en opvoeders baie belangrik. Ouers en onderwysers is daartoe in staat om die positiewe en negatiewe kante van 'n kind se ontwikkeling raak te sien en hulle die regte rigting te lei. 'n Ouer of onderwyser moet help om 'n kind se gawes en moontlikhede te sien, te waardeer en te ontwikkel.

'n Gelowige mag weet en besef dat die Here hom of haar só gemaak het dat hy sy Skepper kan liefhê, Hom kan loof en prys. Dit gebeur deur gebed, deur Sy Woord te bestudeer, maar ook deur sy talente te gebruik in diens van Sy Koninkryk. As jy jouself nie aanvaar nie, is dit ook moeiliker om jou Skepper en HERE te dank. Die boodskap van die Here is duidelik dat Hy elke menselewe stuur. In Christus het God opnuut na die mens gekom. Ons mag vertrou op die beloftes van Sy verbond. **God se liefde** is verseker baie spesiaal vir jou en in jou lewe.

Jy mag ook jou **selfvertroue** ontwikkel. Nie om jou eie 'grootheid' te beklemtoon nie, maar om God te eer. God wil hê dat jy met jou gees, siel en liggaam sal leef volgens God se goeie bedoelings met jou. Dit help dan ook om in harmonie met jou Skepper te

leef en Sy groot werke raak te sien, waarvan jy een mag wees!
Ons kan mekaar bemoedig vanuit die perspektief van die komende Koninkryk, waar alles volmaak sal wees. Die bemoediging is gepas te midde van so baie negatiwiteit en verhoudings wat stukkend is.

Faalangs word wel omskryf as "'n angs wat opkom as jy iets moet regkry (of as jy dink dat jy iets moet presteer), terwyl jy bang is dat dit nie reg sal wees nie." Daar word eers van faalangs gepraat as die angs vir mislukking so groot is dat die prestasie ernstig daaronder gaan ly. Die verwagte prestasie bly weg. Die prestasie is nie soos wat 'n mens redelikerwys sou verwag het nie. (Ek praat dus nie nou van te hoë of buitensporige verwagtings waaraan voldoen moet word nie).

Faalangs behoort nie nodig te wees nie. Jammer genoeg leef ons egter in **gebrokenheid** en kom dit tog voor in ons gesinne. Die Here vra hierin dat ouers hul kind **korrigeer** en leiding gee. Ouers moet leer om hul kind so op te voed en te leer dat hulle daarin wys dat hulle hierdie kind van die Here ontvang het, met sy talente en gawes, maar ook met sy **tekortkominge**. Dit is belangrik dat moontlikhede en beperkings met mekaar bespreek word.

Drie vorme
In genoemde voorbeeld kan faalangs op verskillende maniere na vore kom. 'n Mens kan drie vorme onderskei wat tegelyk kan voorkom en mekaar ook kan oorbrug.

1. **Kognitiewe faalangs** ('Nou net ek het ek alles nog geken')
   Dit is die angs wat swak leer- en dinkprestasies vertoon. Die kind is bang vir 'n negatiewe beoordeling deur 'n onderwyser, ouers, klasgenote of haarself. Daardeur blokkeer dit haar denk- en leervermoë. Onderwysers en ouers kan deur die eis wat gestel word of die gee van 'n opdrag faalangs veroorsaak, maar dit kan ook gebeur dat 'n kind hom- of haarself eise oplê met die gevolg dat hy of sy faalangstig word. Dit gaan dan hier meestal oor perfeksionistiese kinders. Binne kognitiewe faalangs word daar onderskeid gemaak tussen:

   - 'n Aktief faalangstige kind: Hy werk baie hard, streef na 'n goeie resultaat. Hy bestee baie tyd aan huiswerk, 'dril' die leerwerk in sy kop en maak staat op geheue. Om kreatief met die leerstof om te gaan en afstand daarvan te neem is daarom lastiger/moeiliker vir so 'n kind. Hulle is ernstige, harde werkers.
   - 'n Passief faalangstige kind: Hy of sy het die idee dat inspanning nie kan bydra tot 'n beter resultaat nie. Hoe meer inspanning, hoe meer teleurstelling, is die leefreël. Hy werk daarom slordig, berei hom nie goed voor nie. Hulle toon dikwels 'n opstandig en afwesige gedrag.

2. **Sosiale faalangs** ('Hulle gaan vir my lag')
   Dit is die angs om afgewys of negatief beoordeel te word deur maats, klasgenote, familie, ens. Sosiale vaardighede word geblokkeer. As gevolg daarvan neem die kans op afwysing juis toe.

3. **Motoriese faalangs** ('Ek kan niks meer doen nie, ek voel heeltemal lam')
   Dit is die angs om foute te maak by die uitvoering van liggaamlike bewegings. As gevolg daarvan blokkeer die motoriese vaardighede, bv. by Liggaamsopvoeding, kuns, skryfwerk en die hantering van instrumente/apparate.

By 'n mondeling kan al drie vorms tegelyk voorkom: die kind is bang dat hy of sy haar storie nie meer ken nie (kognitiewe faalangs), is bang vir wat die klasmaats sê (sosiale faalangs) en is bang dat hy of sy byvoorbeeld haar musiekinstrument nie meer kan demonstreer nie (motoriese faalangs).

Oorsake

Steurnisse en leerprobleme:
Faalangs kan die gevolg wees van verskillende leer- en/of gedragsprobleme. 'n Kind wat deur sy of haar probleem baie foute maak en dikwels negatiewe terugvoer kry, kan faalangs ontwikkel.

Aangeleerde gedrag:
Faalangs kan gedrag wees wat gekopieer word. As byvoorbeeld ouers/ broers/ susters ook faalangstig is, is die kans groter dat die kind

faalangstige gedrag toon. Uiteraard is die ouers nie die skuld daarvan nie.

Invloed van opvoeding:
'n Kind het voortdurend bevestiging nodig dat hy mag wees wie hy is. Dit gee 'n basis van veiligheid. Ook het hy nodig om te hoor dat hy iets goed gedoen het, maar ook om te hoor hoe hy iets beter kan doen. As ouers dit moeilik vind, kan die kind onseker en angstig raak. Ook kinders wat voortdurend met ander gesinslede vergelyk word, kan daarmee sukkel. As jy elke keer hoor: " Jy kan dit (nog) nie doen nie" of: "Jy moet dit mos ook al kan doen" word jy onseker oor wie jy self is en mag wees.

Perfeksionisme:
As ouers en/of kinders perfeksionisties is, lê faalangs op die loer, omdat jy al gou vind dat jy iets nie goed doen nie. Die lewensstyl van vandag maak dit nog 'n bietjie erger: streef na die allerbeste, die allermooiste. Die perfekte is aan die orde van die dag.

Skoolsituasie:
Die skool is 'n plek wat baie gerig is op prestasies. Dit is daarom belangrik dat jou kind hom veilig voel op skool. Hy moet voel dat hy foute mag maak, vrae mag stel, mag oefen en probeer. Die onderwyser moet daarvoor struktuur bied: duidelik wees in wat hy van die leerders verwag, ondersteun en uitdaag, positiewe verwagtings uitspreek, positiewe terugvoer gee, probleme van die kind erken en 'n goeie verhouding met die kind handhaaf.

'n Aantal riglyne
Lees dit oor en weer. Dit gee ruimte en perspektief, sowel vir die ouer as vir die kind. Ek hoop dit help ons in ons taak as ouer en/of onderwyser om ons kinders op te voed in die 'vrees van Sy Naam'.

- Luister en kyk goed na die seine wat jou kind uitstuur. Erken sy/ haar angs.
- Bly nugter. Faalangs is menslik. 'n Mens kan partykeer misluk.
- Gee die regte voorbeeld (bly kalm); moenie angs aanwakker nie.
- Dink saam oor oplossings. Gee steun.
- Jy mag jou kind veilig laat voel deur hom gerus te stel. Dit is egter ook goed as jy vir jou kind leer hoe hy homself rustig kan maak.
- Oefen in klein stappies; dit gee 'n gevoel van sukseservaring.
- Gee duidelikheid en struktuur; dit voorkom onsekerheid.
- Leer vir jou kind dat ons elkeen unieke gawes van die Here ontvang het.
- Jy is in alles afhanklik van die Here. Of dit nou oor die doen van 'n wiskunde-oefening gaan of wanneer 'n belangrike eksamen voorlê. Bid vir jou kind, maar bid ook baie saam met jou kind vir hulp, rus en ontspanning.
- Vertrou op die HERE in alles wat jy doen. Spreek daardie vertroue ook uit teenoor jou kind.
- As jou kind sukses behaal het, mag jy hom beloon. Dank die Skepper ook vir dit wat Hy gegee het.
- Oefen jouself in geduld.
- Help om sukses en mislukkings goed te verduidelik.
- Sorg vir ontspanning.
- Help met die huiswerk soos nodig.
- Aanvaar jou kind soos wat hy of sy is (stel verwagtings by indien nodig).

Die wesenlike boodskap van die Evangelie is dat die Here wil sê dat elke mens 'n **skepsel van God is**. Hy het jou lief, Hy het jou gekies as Sy kind. As jy dit besef en glo, is jy immers bereid om die liefdevolle God te eer met jou hele lewe, in al jou werk en gedagtes. Daardeur kan gevoelens van faalangs na die agtergrond skuif en die kind met die juiste visie die regte rigting inslaan.

Verwerk deur Petrie Eefting n.a.v. 'n artikel wat oorspronklik in ***Terdege***, 26 November 2008, verskyn het en geskryf is deur Marianne van der Zalm-Grisnich ('n ortopedagoog).

Sperdatum vir die Augustus-uitgawe van *Kompas*:

12 Julie 2011

ONS en die NATUUR - TWYFEL

In Pers-pektief

"Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie." (Hebreërs 11 vers 1)

Wat het die natuur en ons geloof met mekaar te make? Ons lees in artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dat ons God leer ken uit die Skrif en uit die natuur. Nou is dit so dat, in plaas daarvan dat die natuur die geloof versterk, dit juis twyfel kan veroorsaak. Want, is die argument, die wetenskap het gevorder. Ons weet nou baie meer van die natuur as eeue gelede. Sommiges gaan so ver om die hele Skrif te verwerp op grond van bv. ewolusie. Maar daar is ook gelowiges wat nie die Skrif verwerp nie, maar wel vraagtekens het oor gedeeltes van die Skrif, bv. dat die aarde in 6 dae geskep is, dat die donkie van Bileam gepraat het, dat Jona in die maag van 'n vis kon oorleef... dit is 'n bietjie te veel gevra. Maar, word daar geredeneer, solank ek hou by die kernwaarhede van die geloof, nl. die versoe-nende dood van Christus, sy opstanding, ens., dan maak dit nie regtig saak nie.
Is dit so?

Die eeue-oue strategie van die Satan



"Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?" (Genesis 3 vers 1) Die Satan begin deur twyfel in die hart van Eva te saai. Daarna is die stryd reeds half gewonne.

Die Satan gebruik vandag nog steeds 'feite' wat halwe waarhede is, maar eintlik volslae leuens is. So word ewolusie as 'n bewese 'feit' voorgehou aan die onkundige. Soms hoor 'n mens die argument van 'n gelowige dat 'ewolusie' wel plaasvind, al is dit so dat hy nie glo in Darwin se teorie dat een soort uit 'n ander voortgekom het nie. Wat wil 'n mens eintlik met so argument bereik? Dit is duidelik wat die wetenskaplike wêreld met ewolusie bedoel. Hoekom hul definisie afwater? Dit pas in die Satan se kraal om ons te "softsoap".

Die Satan is die vader van die leuen

Die moderne wetenskap sê: Waarheid is net dit wat bewys kan word. Hoe bewys 'n mens iets? Die wetenskap sê deur eksperimentele waarneming wat herhaalbaar is. Volgens sy eie definisie kan geen wetenskaplike ewolusie wetenskap noem nie. Tog doen hulle dit.

Die mens kan nie bestaan sonder waarheid nie. Die soeke na waarheid is daar sedert die sondeval. "Pilatus sê vir Hom: Wat is waarheid? En toe hy dit gesê het, gaan hy weer uit na die Jode en sê vir hulle: Ek vind geen skuld in Hom nie." (Johannes 18 vers 38) Die Satan wil graag hê ons moet twyfel. Hy wil hê ons soeke na die waarheid moet ons juis lei na die leuen. Daarvoor gebruik hy alle middele tot sy beskikking:

- Ons twyfel.
- Ons menslike hoogmoed.
- Ons goeie bedoelings.
- Valse predikers.
- Ons onkunde.
- En daar is meer.

Om op ons onkunde effens uit te brei. Die massas glo steeds in Darwin se teorie. Die grootste weten-skaplikes van ons tyd weet reeds lankal dat dit verkeerd 'bewys' is. Geleidelike ewolusie vind nie plaas nie. Daarom kom hulle nou met die teorie van sprongsgewyse ewolusie. So soek hulle steeds naar-stiglik na ander oplossings, omdat die alternatief, om in 'n skepping deur God te glo, vir hulle onaanvaar-baar is.

Ons sekerheid

Laat ek eindig met waarmee ek begin het. Hoe heerlik is dit om die geloof te hê. Die vaste vertroue dat God 'n God van sy Woord is. **Ons kan Hom ernstig neem op sy Woord.** As Hy iets in sy Woord laat opskryf het, moet ons baie versigtig wees om te dink: "Ja, dit staan nou wel so daar geskrywe, maar met my moderne wetenskaplike kennis kan ek dit tog maar anders verstaan as die eerste mense wat nie my kennis gehad het nie."

Job is daarin vir ons 'n pragtige boek. Ondanks al sy swaarkry het Job nooit aan God getwyfel nie. Ook leer die boek ons nederigheid.

"Toe het Job die HERE geantwoord en gesê: Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie. Wie verberg die raadsbesluit daar sonder kennis? So het ek dan gespreek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie." (Job 32 vers 1 tot 3)

Al is ek self 'n wetenskaplike wat by 'n moderne universiteit gestudeer het, tog is dit vir my 'n geweldige troos dat ek nie hoef te twyfel nie dat:

- God die aarde in ses dae geskep het. Hy is almagtig. Hy kon dit in 'n sekonde gedoen het as Hy wou. Hy kon dit selfs in geen tyd gedoen het nie, want Hy is nie aan tyd gebonde nie. Tyd was sy eerste skeppingsdaad. "In die **begin** het God die hemel en die aarde geskape." (Genesis 1 vers 1)
- Wie is ek om te twyfel dat dit nie dae soos vandag was nie, as Hy uitdruklik sê: "en God het die lig dag genoem, en die duisternis het Hy nag genoem. En dit was **aand** en dit was **môre**, die eerste dag." (Genesis 1 vers 5)
- Hy die lig geskep het voordat daar 'n son of maan was.
- Die donkie gepraat het.
- Jona vir drie dae in die vis oorleef het.

Want as ek aan bogenoemde begin twyfel, wat dan van die volgende?:

- Adam en Eva was die eerste mense uit wie die hele menslike geslag voortgekom het.
- Deur hulle ongehoorsaamheid en val in die sonde staan ons vandag almal skuldig en het versoening nodig.
- Christus is uit 'n maagd gebore.
- Christus het uit die dood opgestaan.
- Ons sal ook eendag opstaan met 'n verheerlikte liggaam.

"En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof; en dan word ons valse getuies van God bevind, omdat ons teen God getuig het dat Hy Christus opgewek het, wat Hy nie opgewek het nie, ten minste as die dode nie opgewek word nie. Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie opgewek nie; en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes;" (1 Korinthiërs 15 vers 14 tot 17; lees self ook verder)

Hilko Lubbinge *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

INDIVIDUALISME en GEMEENSKAP

In Pers-pektief

Die lewe geniet

Die moderne mens word van alle kante aangespoor om die lewe maksimaal te geniet. Daarop het ons mos reg. Het jy 'n probleem met iets, dan koop jy 'n produk of 'n diens en die probleem is opgelos en jy is 'n gelukkiger mens. En al het ons nie die besef dat ons 'n probleem of 'n gemis het nie, dan word dit ons eers ingeprent en kan ons onmiddellik iets daarvoor koop. "*What men want*" (wat mans wil hê), hoor ons dan. En of jy dit wil hê of nie, ander manne wil dit blykbaar wel hê, dan kan jy tog seker nie agterbly nie?!

Is dit dan nie pragtig nie? Wie droom nie van gesondheid, lekker eet, 'n gerieflike en veilige huis, vakansies hou, baie geld hê, ens. nie? Jy soek tog sekerlik nie die teenoorgestelde daarvan nie? En as jy nie wil geniet in en van die lewe nie, dan is daar tog niemand wat jou dwing nie, of hoe?

Tog word daar meer en meer druk op ons uitgeoefen om te geniet, op subtiele sielkundige maniere. Let 'n slag op die advertensies wat jy hoor, sien of lees. Let op wat ander mense vertel van hul genietinge en hoe jy openlik of heimlik jaloers is daarop. Dr Th A Boer (dosent Etiek aan die Universiteit van Utrecht in Nederland) skryf daaroor in die *Nederlands Dagblad* van 3 Junie 2011 onder die titel: "*Het echte gevaar van de westerse kultuur*". Dit gaan oor "hedonisme", genotsug. Hy skryf die volgende, in my vertaling.

"Om te begin is hedonisme en genot nie dieselfde nie. Net soos ander '-ismes' skryf hedonisme jou iets voor: jy móét geniet en wel maksimaal. Vir sover daar nog ander waardes is, word hulle vertaal in terme van genot. Soos om musiek te maak bevredig, om verhoudings te onderhou is mooi, om te bid en te mediteer gee rus, CO_2-vermindering gee 'n goeie gewete, om te trou lei tot meer welvaart en om trou te wees lei tot beter seks. Dis alles pragtig, hierdie harmonie tussen wat waardevol is en wat genot

oplewer. Maar die meeste filosowe benadruk dat ons van goeie dinge geniet omdat hulle waardevol is, en nie omgekeerd nie." (dus nie: omdat ons dit geniet word dit waardevol - HM).

"In beginsel, sê Augustinus, geniet ons die meeste van God. Hy is van alles die waardevolste en nastrewenswaardigste. Dink ook aan musiek, 'n berglandskap of 'n sportprestasie. Al hierdie dinge verskaf genot omdat hulle ontroerend, misterieus, groots of kwesbaar is. Word die volgorde egter omgedraai, en ag ons iets waardevol omdat dit ons genot verskaf, dan kan al hierdie waardevolle sake sommer ingeruil word vir iets wat 'n groter gevoel van geluk verskaf. Selfs die goddelike word dan gedegradeer tot iets wat instrumenteel goed is. Die hedonisme verskuif die swaartepunt van ons sinbelewing van buite na binne."

"Hedonisme is, paradoksaal genoeg, sy eie vyand. Wie besef dat hy ook te midde van beperkings, neerlae, tragiek en teleurstellings voluit mens kan wees, sal waarskynlik minder gou ontsteld raak as mense wat hierdie sake uitsluitend sien as hindernisse op pad na persoonlike geluk. Die lewe moet nou eenmaal nie geniet word nie, maar geleef word."

Sover aanhalings uit die artikel van dr Boer oor die werklike gevaar wat volgens hom die westerse kultuur bedreig: die onverbiddelike soeke na genot. Dit vorm 'n groter inwendige bedreiging as gevare wat daar van buite af mag wees. En hierdie gevaar bedreig ook ons samelewing in Suid-Afrika.

Hedonisme, genotsug vloei voort uit die verindividualisering van die mens. Die menslike samelewing van vroeër tye is gekenmerk deur 'n groot mate van gemeenskapsbetrokkenheid en verantwoordelikheid. Die sosialisme het dit die langste volgehou: die individu is ondergeskik aan die gemeenskap, die belange van die gemeenskap gaan bo die belange van die individu (sien o.a. solidariteitstakings). Die kapitalisme het dit egter meer en meer oorspoel: elkeen vir homself en God vir ons almal.

In hierdie opsig staan die Christelike gemeenskap nader aan die sosialisme. Sowel uit die Ou as uit die Nuwe Testament leer ons verantwoordelikheid en omgee vir mekaar. Jy is inderdaad jou broer se hoeder, jy moet die welsyn van jou naaste sover moontlik bevorder (HK vr/antw. 55b en 111). As gemeente-lidmate vorm ons saam een liggaam, waar die lede mekaar aanvul (1 Kor 12). Met die oordrewe huidige nadruk op genot as hoogste individuele menslike belewenis en doel word gemeenskapsin en mede-verantwoordelikheid agtertoe gedruk. En dit is 'n gevaar sowel vir die swakker naaste as vir ons Christelike politieke besluite, ons gemeenskapsbetrokkenheid, ens.

Die lewe in die kerklike gemeenskap

Hoe moet die lewe in gemeenskap dan vorm kry? Na aanleiding van die onlangse Pinksterfees skryf WH Dekker (dosent Sosiologie aan die Christelijke Hogeschool Ede) 'n artikel daaroor in die *Nederlands Dagblad* van 11 Junie 2011, onder die titel "*De Geest plaatst ons in Gods gemeente*". Hy skryf o.a. die volgende, weer in my vertaling.

"Om die Gees in jou te laat woon en werk, pas nie in 'n kultuur waarin veral benadruk word dat jyself die eienaar van jou lewe is nie. Dit is meer eietyds om op een of ander manier in God te glo as om jou te laat regeer deur sy Gees. Wie dink om hom te kan ontplooi deur op een of ander manier in God te glo, bedrieg homself. Geestelike lewe beteken selfbeperking."

"Die Gees deurbreek nie net die individualiteit deur besit te neem van die hart van mense nie, Hy plaas hulle in die gemeente van Christus. Ook dit pas nie in ons kultuur nie. Ons lewe in 'n tyd van 'ligte gemeenskappe'. Ons laat ons lewe nie langer bepaal deur die verbande waarvan ons deel uitmaak nie, maar ons gebruik hulle vir ons eie doeleindes. Wanneer hulle nie langer bydra tot ons lewensgeluk nie, word hulle ingeruil vir ander netwerke. Dit geld vir huwelike, politieke partye, werkgemeenskappe en ook vir kerke."

Dekker haal prof Kunneman aan wat stel dat, as ons padgee uit gemeenskappe wanneer dit vir ons te lastig word, ons onsself en ander die geleentheid ontneem om te groei, te verdiep, 'n persoonlikheid te word. Wanneer 'n gemeenskap 'n *plek van moeite* word, dan gaan dit om werklike vrae. Wie vasbyt in 'n plek van moeite kom tot 'n verdiepte selfverstaan. Dekker vervolg: *"Wie hom deur die Gees in die gemeente ingelyf weet, weet wat 'n plek van moeite is. Die gemeente is nie 'n voorsmakie van die nuwe aarde nie. Dit is partykeer swaar werk om dit by mekaar uit te hou."*

"Die gemeente is 'n geroepe gemeenskap, by mekaar geraap. Daarvoor kies jy nie, maar daarin is jy gedoop, as kind of as volwassene. Deur verkondiging, wetslesing, sakrament en onderlinge vermaan word ons outonomie en selfontplooiing steeds weer deurbreek. Daar word 'n appèl gedoen op ootmoed en bekering. En dit maak seer."
"Hoe geestelik dit ook bedoel mag wees, dit is nog steeds 'n gemeenskap van mense, met al te menslike

preke, vermanings en getuienisse. Partykeer kan 'n mens dit nouliks daar uithou vanweë hoogmoed of kleinmenslikheid. Maar die Gees plaas ons in hierdie plek van moeite, met al die moeilike vrae en elke nou en dan 'n fees. Hy weet wat ons daarby nodig het. Die vrug van die Gees is: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, geloof, sagmoedigheid en selfbeheersing."
Tot sover mnr Dekker.

"Toledoot" van Pinkster
Die Hebreeuse woord "toledoot" kom 'n aantal kere voor in die boek Genesis. Die betekenis van die woord is moeilik om met een westerse woord te vertaal. Deurgaans word dit vertaal met geskiedenis of stamboom. Volgens ds J van Bruggen (die pa van prof Jacob) beteken die woord iets soos "wat daarvan tereggekom het", "waarop dit uitgeloop het". In hierdie sin kan 'n mens ook kyk na Pinkster. Wat het daarvan tereggekom dat die Heilige Gees uitgestort is, waarop het dit uitgeloop in ons tyd en in ons lewens?

Soos hierbo aangehaal uit die artikel van Dekker, kan ons aflei dat die werk van die Heilige Gees vanuit die staanspoor gelei het tot 'n goeie kerklike gemeenskap. Aanvanklik het die Heilige Gees hierdie gemeenskapsontwikkeling met wonders ondersteun, soos die wonder van tale praat en uitlê, van apostelskap en profesie en selfs van "alles gemeenskaplik hê". Later het hierdie wonderwerke op die agtergrond geraak. 'n Mens kan sê dat die huidige kenmerk van die westerse kultuur om sterk te verindividualiseer 'n deurslaan is na die ander uiterste, weg van die rigting waarin die Heilige Gees ons juis wil toerus en wil laat beweeg. Daarvan moet ons goed bewus wees en ons daarteen wapen.

Die Christelike kerk het steeds die kenmerke vertoon van gemeenskapsorg. In die besonder het die kerklike diakonie gehelp in die versorging van die armes en behoeftiges. Maar werklike gemeenskap is meer as versorging van die armes. Die vrug van die Gees, soos aangehaal deur Dekker, is karaktereienskappe wat besonderlik op ander mense gerig is: liefde tot, geduld met, vriendelikheid vir, ens. Die Gees wat met Pinkster uitgestort is, maak ons bekwaam tot werklike gemeenskap. Dan is die vraag hoe dit gestalte vind in ons lewens. Laat ons die Gees se krag deurwerk in ons lewe of blus ons dit uit? In die kerk behoort daar 'n goeie balans te wees tussen gemeenskaplikheid en persoonlike belange. Dit gaan nie oor my maksimale genot nie, maar oor die welsyn van die gemeenskap van die heiliges. Ons kan dan ook daarvan geniet, omdat dit waardevol is.

Hans Moes

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds P Abrahams :**
  Bauhinia Close 12, Belhar 7490 tel 021 953 0940 /
  pabrahams@webafrica.org.za
- **Dr JA Breytenbach :**
  Hoëveldlaan 17, Bethal
  hmbreytenbach@gmail.com
- **Ds JJ Drijfhout :**
  21ste Laan 934, Rietfontein; sel 072 556 9872
  jj.drijfhout@vgk.org.za
- **Ds C Kleijn :**
  Corneliusstraat 1071, Panorama, A H,
  Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 /
  dskleijn@vgk.org.za
- **Rev BA Matlaela :**
  Soshanguve Noord; tel 073 241 9963
- **Rev T Mogale :**
  19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 /
  kgwadumogale@vodamail.co.za
- **Ds HH van Alten :**
  Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 /
  hhvanalten@vgkmaranata.org.za
- **Ds E Viljoen :**
  Mountainviewrylaan 36, Ridgeworth, Bellville 7530;
  tel 021 919-9149 / sel 084 440 2428; emyn04@gmail.com

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Ds DM Boersma :**
  Hibiscusstraat 54, Chantelle 0182
  tel 012 549-3668 / dmboersma@vgkmaranata.org.za
- **Ds PG Boon :**
  Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186;
  tel 012 332-1028 / pgboon@vgkmaranata.org.za
- **Ds T de Boer :**
  Mantova 30, Aerangisstraat, Môregloed 0186;
  tel 012 333-5602 / tdeboer@vgkmaranata.org.za
- **Rev MP Magagula :**
  575 Blok GG, Soshanguve 0152;
  tel 012 798-1553 / magagula@telkomsa.net
- **Rev J Mhlanga :**
  Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid;
  tel 012 791-0983 / jmhlanga@vgkmaranata.org.za
- **Rev GF Mnisi**
  Soshanguve; tel 072 237 2412

ADVERTENSIES

Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys

Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van koopooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos willie@hurterspies.co.za

GORDONSBAAI - HOOGGENOEG
3 slaapkamer vakansiehuis vir 4-5 persone met uitsig op see en berge.
Vir verdere inligting en besprekings kontak ons by:
www.hooggenoeg.co.za
jettysalomons@telkomsa.net
082 320 6577 of 021 856 0736
Piet en Jetty Salomons

★ UITMUNTENDE KWALITEIT KOFFIE

BESTEL DIREK VIR GENOT
TUIS OF OP KANTOOR
WWW.PIERRELOTTI.CO.ZA

08600-COFFEE

Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)
Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 0127
Faks 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:
Printburo (telnr 012 335 9134)

Redaksie:
Prof Hans Boon (eindredakteur)
Douwe Drijfhout
Gerhard Bijker
Marja Danielz

Subredakteurs:
Leer & Lewe:
Roelof de Jong
Gesin & Opvoeding:
Petrie Eefting
Venster op die Bybel:
Ds Jopie van der Linden
Samelewing & Politiek:
Willie Spies
Wetenskap & Tegnologie:
Johan Bijker
Kuns & Kultuur/Resensies:
Jenny Boon
In Pers-pektief:
Hans Moes

Redaksieadres:
19de Laan 560
Rietfontein 0084
e-pos : kompas@vgk.org.za

Advertensies:
Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):
RSA per e-pos : R55
RSA per hand : R110
RSA per pos : R150
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

http://kompas.vgk.org.za/

BOEKENUUS

NUWE BOEK:

- **Immanuel. *God met ons* / L Floor**

God maak Hom in sy Woord bekend as 'n God wat naby is en tegelyk ook as 'n God wat ver is. In die Ou Testament lees ons dit telkens. "Ek is nie 'n God wat net naby is nie. Ek is 'n God wat ook ver is" (Jer 23:23). Die Here is naby hulle wat Hy in sy verbond opgeneem het (Gen 17:8, 9). Hy is naby die siel wat tot Hom sug (Ps 145:10 berym). Die God van die Bybel sê dit nadruklik vir hulle wat swaarkry, wat vervolg word, wat ly: "Ek is by jou" (Jes 43:2, 5). Maar Hy is ver van hulle wat nie na Hom wil luister nie en wat ongehoorsaam is.

In die Nuwe Testament word God se nabyheid nog voller en ryker geteken. Die evangelis Matteus verkondig aan ons dat God se nabyheid op 'n heel besondere manier in Jesus Christus gerealiseer word. Aan die begin van sy evangelieverhaal lees ons dat die Here vir Josef sê dat Jesus altyd met ons sal wees. Hy is Immanuel, God met ons (Matt 1:23). Aan die einde van dieselfde evangelie verwys Jesus na die woorde wat sy Vader vir Josef gesê het. Jesus verklaar vir sy leerlinge: "Ek is Immanuel". Hy sal altyd met hulle wees (Matt 28:20). Jesus op aarde en Jesus in die hemel beteken: God is in Jesus Christus met ons.

Maar hoe is God met ons? En hoe kan God in en deur Jesus met ons wees? God is alomteenwoordig. Hoe is dit vir ons 'n werklikheid in die lewe van elke dag? Uit hierdie bundel preke sal duidelik word hoe ons die nabyheid van Christus in die lewe van elke dag kan ondervind. Ons sal sien dat Jesus dikwels op 'n totaal ander manier met ons is as wat ons verwag. Die preke wil wys wat Jesus se nabyheid elke dag prakties vir ons beteken. En hoe ons dit kan ervaar. Daarom is die titel van hierdie bundel: ***Immanuel – God met ons.***

Met die sterk beklemtoning van ***Immanuel – God met ons*** moet ons die keersy van hierdie troos nie vergeet nie. Die digter van Psalm 73 weet van naby, maar ook van ver. God kan ook ver van ons wees. "Want kyk, die wat hulle ver van U af hou, vergaan; U roei almal uit wat van U afhoereer. Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees; in die HERE Here het ek my toevlug gestel, om al u werke te vertel" (Ps 73:27-28). Tydens 'n dieptepunt in die Amerikaanse burgeroorlog (1861-1865) vra een van die generaals vir president Lincoln: "Is God nog wel met ons?" "U stel 'n verkeerde vraag," antwoord die president. "U moet eerder vra: Is ons nog wel met God?" Prys: R85

Bogenoemde boek is verkrygbaar / kan bestel word by:
www.folmerboek.com
Folmer Boekhandel (Kaapstad)
Proteaweg 95, Proteahoogte, Brackenfell, 7560
Tel: 021 982 1402
e-pos: eendenkooi@telkomsa.net
Folmer Boekhandel (Pretoria)
Laseandralaan 115, Môregloed, 0186
Tel/faks: 012 333 8064
epos: folmerpta@telkomsa.net

Petro Drijfhout
folmerboek@telkomsa.net
Tel/faks: 012 543 3597